
2020/06/14

# HANDELINGE 3

Bybelstudie

# HANDELINGE 3 OPSOMMING


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC-ND

- **’n Man (lam gebore) word genees en kan loop**
- **Petrus preek in die tempel (Pilaargange van Salomo)**

Bybelstudie

# Handelige 3
# ’n Lam man kan weer loop

- 1 Eendag het Petrus en Johannes na die tempel gegaan. Dit was die tyd toe die mense na die tempel gekom het om te bid, omtrent drie-uur in die middag.

- 2 Daar was mense wat besig was om ’n lam man nader te dra. Hy was lam vandat hy gebore is. Sy mense het hom elke dag by een van die poorte van die tempel neergesit. Die poort se naam was Mooi-poort. Die man het elke dag geld gevra vir die mense wat by die tempel ingaan.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3
# 'n Lam man kan weer loop

- 3 Die man het vir Petrus en Johannes gesien toe hulle by die tempel wou ingaan, en hy het vir hulle geld gevra.
- 4 Petrus en Johannes het reguit na hom gekyk. Toe sê Petrus: "Kyk na ons."
- 5 Die man het na hulle gekyk en hy het gehoop dat hulle iets vir hom sal gee.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3
# 'n Lam man kan weer loop

- 6 Toe sê Petrus: "Ek het nie geld nie, maar ek gee vir jou wat ek het. Jesus Christus van Nasaret het my gestuur. Daarom mag ek sy Naam sê en vir jou sê: Staan op en loop."

- 7 Toe neem Petrus die man se regter-hand en hy help hom om op te staan. Die man se voete en enkels het dadelik sterk geword

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3
# ’n Lam man kan weer loop

- 8 en hy het opgespring en regop gestaan. Toe begin hy rondloop en hy gaan saam met Petrus en Johannes in die tempel in terwyl hy loop en spring en vir God prys.

- 9 Al die mense het gesien dat hy rondloop en dat hy vir God prys.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 ’n Lam man kan weer loop

- 10 Hulle het hom geken, hulle het geweet dat hy die man was wat by die Mooi-poort van die tempel gesit het en geld gevra het. En hulle was baie verbaas oor wat met hom gebeur het.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 11 Die man het vasgehou aan Petrus en Johannes. Hulle het gestaan in die Pilaargang van Salomo en al die mense het na hulle toe gehardloop. Die mense was baie verbaas.

- 12 Toe Petrus die mense sien, het hy met hulle begin praat en gesê: "Israeliete, hoekom is julle so verbaas oor hierdie wonderwerk? En hoekom kyk julle so na ons? Dink julle ons het met ons eie krag hierdie man weer laat loop? Of dink julle ons kon dit doen omdat ons so godsdienstig is?

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 13 Nee, dit is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob wat dit gedoen het. Ja, die God van ons voorvaders het dit gedoen. God het gesê sy Dienaar Jesus moet die Koning wees. Toe Jesus voor Pilatus gestaan het, wou Pilatus vir Jesus vry laat weggaan. Maar julle het Hom vir die Romeine gegee sodat hulle Hom kan doodmaak, julle wou Hom nie aanvaar nie.

- 14 Julle wou nie die Heilige en Regverdige aanvaar nie. Julle het gevra dat Pilatus ’n moordenaar vry moet laat weggaan.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 15 Maar julle het die Leier doodgemaak wat vir mense die lewe wil gee. God het Hom weer laat lewe, en ons is die getuies daarvan.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 16 Hierdie lam man het in Jesus geglo toe hy sy Naam hoor, daarom het Jesus die man se bene sterk gemaak. Julle sien hierdie man en julle ken hom. Jesus het vir die man die geloof gegee en hierdie geloof het hom heeltemal gesond gemaak, julle almal het dit gesien.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 17 Ja, vriende, ek weet julle het nie besef wat julle doen nie, julle leiers het ook nie besef wat hulle doen nie.

- 18 Maar God het lank gelede vir al die profete gesê hulle moet die boodskap bring dat die Christus van God sal swaarkry en sal ly. En nou het God dit alles waar laat word. https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 19 Daarom moet julle nou julle lewe verander en julle moet lewe soos God wil hê. Julle moet na God toe gaan sodat Hy julle sondes heeltemal kan wegneem.
- 20 Dan sal julle weet dat die Christus regeer en julle sal kalm en rustig wees. En die Here sal vir Jesus stuur, Hy het vir Jesus gekies en aangestel om die Christus te wees.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 21 Jesus moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. God het al hierdie dinge lank gelede gesê toe Hy vir sy gewyde profete gesê het om dit te sê.

- 22 Moses het gesê: 'Julle God die Here sal vir julle 'n profeet stuur, die profeet sal wees soos ek is. Hierdie profeet sal een van julle wees. Julle moet luister na alles wat hy vir julle sal sê.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 23 Elkeen wat nie luister na daardie profeet nie, moet dit weet: Die Here sal hom wegvat van sy mense.'

- 24 En al die profete het vertel van die dinge wat nou gebeur, die profete van die tyd af toe Samuel gelewe het, die een profeet ná die ander profeet.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 25 Julle is die kinders van die profete en van die verbond wat God gemaak het met julle voorvaders. God het vir Abraham gesê: 'Al die volke van die aarde sal My vra om hulle te seën soos Ek jou nageslag sal seën.'


https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# Handelige 3 Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

- 26 Daarom het God sy Dienaar Jesus gestuur. God het Hom eerste na julle toe laat kom. Die Dienaar wil julle seën, Hy wil elkeen van julle laat ophou om verkeerde dinge te doen.”

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA

# HANDELINGE 3 OPSOMMING


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC-ND

- **’n Man (lam gebore) word genees en kan loop**
- **Petrus preek in die tempel (Pilaargange van Salomo)**

Bybelstudie

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.3.ABA
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.